VERJAARSDAE : 1 MAART TOT 7 MAART 2009

03/02	INA	NEL	FITZPATRICKWEG 3	Blok 2
03/03	ENGELA	VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	Blok 2
03/04	NAOMI	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 69	Blok 3
03/05	SANDRA	DIPPENAAR	FLEURPARK WS 7	Blok 1
03/06	NATASCHA	SWART	CLIFTON PLACE 17	Blok 4
03/06	JASPER	THERON	DE LA REYWEG 35	Blok 4
03/06	RIA	MAREE	FITZPATRICKWEG 21	Blok 2
03/07	JANNIE	LOOTS	CANTONMENTSWEG 23	Blok 2
03/07	CELESTÉ	GORDON	LAURISTON MEWS 2	Blok 4
03/07	GEORG	ANDERSON	DF MALANLN 243	Blok 1

HUWELIKHERDENKING : 5 MAART 2009

DONDERDAG, 5 MAART

WILLIE EN THERESA SMITH	HANS STRIJDOMLN 235	Blok 1

Hartlike gelukwense aan oom Willie en tannie Theresa Smith wat op Donderdag 5 Maart hul 60ste huweliksherdenking vier. Ons is saam met u dankbaar dat die Here u vir soveel jare saam gespaar het. Mag u sy liefde en genade elke dag ervaar in die jare wat kom.

FONDSINSAMELING JEUG

RONNIE SE HOUER IN DIE PARKEERTERREIN SAL BAIE BLY WEES OM AL U OU TYDSKRIFTE, KOERANTE EN AFVAL-PAPIER TE ONTVANG.

ONDERSTEUN ASSE-BLIEF HIERDIE PROJEK

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 1 Maart 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 1 MAART

1ste Sondag in Lydenstyd

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens: Willie Joubert optrede
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier saam

DINSDAG, 3 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 4 MAART

17:00 Biduur

DONDERDAG, 5 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 6 MAART

06:00-06:30 Stiltediens
10:00 Wêreld Biddag vir Vroue
Presbiteriaanse Kerk Gloverln 219
Daar is ook 'n ontbyt vir vroue by Lyttelton Moedergemeente (bl 4)

SATERDAG, 7 MAART

0700—0800 Wêreld Biddag vir Manne
NG Gemeente Monumentpark-Wes
Inligting op bl 5.
10:00 Klub Immergroen

SONDAG, 8 MAART

2de Sondag in Lydenstyd

09:00 Erediens:
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Kuier
19:30 Speel/Kuier

DINSDAG, 10 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Droomspan vergadering

WOENSDAG, 11 MAART

17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 12 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Janita Mostert, DF Malanln 104 wat die afgelope week 'n operasie ondergaan het (Blok 3).
2. Sanette Hambridge, DF Malanln 127 wat die afgelope week toetse ondergaan het (Blok 3).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 254a met Tania se moeder wat behandeling ondergaan en Willie se moeder wat ernstig siek is (Blok 1)
4. Apie en Karen Erasmus, Theodorestr 45 met Karin wat tuis herstel na 'n ernstige beenbreukoperasie (Blok 1).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182.Hy sal DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2). Ons dink in besonder aan sy moeder Colleen wat bereid is om aan hom 'n nier te skenk. Sy vader Francois en ook oupa Dolf word sterkte toegebid in die

Dankie vir al die gebede met Adolf Crafford se siekte en sy nieroorplanting Junie / Julie.
Jak. 5:16b: Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Francois en Welma

FEESBUNDEL

Lidmate wat Feesbundels bestel het word versoek om dit asseblief **dringend** by Max af te haal teen R100. Krugerlaan 286, telefoon (012) 664-3629.

Baie dankie.

Spesiale vergunning deur die Kerkraad—persone wat nie die vorige bundel het nie, ontvang dit gratis saam met hierdie feesbundel!

VANAF DIE KERKRAAD …

As Voorsitter van die Kerkraad het ek die behoefte om dmv hierdie kort berig informasie aan u, as gemeentelede, deur te gee tov sake wat op die Kerkraadsvergadering bespreek is.

Die Kerkraad van ons gemeente het vir die eerste keer hierdie jaar vergader op Woensdag 18 Feb 2009 om 19:00.

Baie dankie aan die kerkraadslede wat die moeite gedoen het om die vergadering by te woon.

Die Kommissie vir Administrasie en Finansies (KAF) het die begroting aan die vergadering voorgehou en dit is aanvaar. Baie dankie aan Jacques Martins en Kobus Badenhorst wat hierdie groot taak met ywer en uiterste korrektheid gedoen het. Alle aspekte wat die bestuur en bedryf van die gemeente raak is gedek in die dokument.

Die Kommissie vir Getuienisaksie onder leiding van Dries van der Merwe het die saak rakende 'n kontrakpos vir 'n gestuurde leraar ook ingedien en die pos is goedgekeur. Die befondsing van die pos sal verkry word uit die Geloofsoffer bydraes.

Die Jeugaksie het ook hulle nuwe struktuur en bedieningswyse aan die vergadering voorgehou. Dit is aanvaar en sal geïmplimenteer word. Dit is net baie jammer dat Schalk Meyer ons nou gaan verlaat aangesien hulle na 'n kleihoewe te Pretoria-Noord trek. Schalk, nogmaals dankie vir jou bydrae en kom kuier dikwels asseblief.

Na die Gemeentekonferensie van 17 Januarie 2009 het die Kerkraad die Droomspan versoek om al die voorgestelde aksies te ontleed en 'n plan ter uitvoering op te stel.

Nogmaals ook dankie aan almal wat die dag 'n sukses gemaak het. Dankie Wally, Tina en ook Lofty vir die fasiliteite en die rustige omgewing waarin dit kon plaasvind.

Om 21:00 het die kerkraad lekker gekuier om 'n koppie tee en koffie en heerlike happies.. Groot dank aan tannie Max Amsenga en Antionette van Rensburg en die vroue van die Kerkraadslede wat dit moontlik gemaak het.

Groete aan almal en ons dank ons Hemelse Vader vir 50 jaar van Groot Genade.

Johan Bauer

Ongeloof en twyfel;: “Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie (Joh 16:9) “Maar ‘n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want ... ‘n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.” (Jak 1:6-8).

Verkeerde optrede teenoor jou huweliksmaat: "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder". (1Pet. 3:7)

Selfsugtige motiewe in gebed: "As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig." (Jak.4:3)

Ondankbaarheid: "Wees in alle onstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." (1 Tess.5:18)

Wanneer jy nie volgens die wil van God bid nie: "Nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra". (1 Joh.5:14)

Dis net 'n paar gedagtes maar as u mooi dink en gaan kyk is daar soveel ander waarvan ons nie altyd bewus is nie. Raak bewus hiervan sodat u gebede nie verhinder word om by God uit te kom nie.
Vertrou u het vrug hieruit geput. Glo u gaan 'n wonderlik week hê en mag Gods rykste seën met elkeen van u wees.

Christus groete

Die gebedsgroep

Madelaine Steyn 0823542455

Retha Wessels 0827720955

Mariana Strydom 0824515811

Martin Smith 0829488597

GEBEDSBRIEF NO 4

Liewe Gemeente

Ek hoop u het 'n bietjie gebedswonderwerke hierdie week gesien. Ek het en dis ongelooflik. Ons was so 4 weke gelede in ongeluk. Ons voertuig het redelik seer gekry maar regmaakbaar. Die assessor het besluit om die voertuig af te skryf omdat die koste vir hulle te hoog is. Ons was platgeslaan want ons het 'n groot deposito op die voertuig gesit en dan die kans om weer een te koop is uiters skraal. Ek het begin bid en vir God gevra om ons hierin te help, want dis vir ons regtig 'n groot verlies en kan dit nie net so aanvaar nie. My man het toe begin navorsing doen en navrae by ander paneelkloppers en iemand gekry wat bereid was om 'n ander kwotasie te kom gee. Sy kwotasie werk toe heelwat minder uit as die van die assessor en ons lê dit voor aan nie." (Jes. 59:1-2) Hierdie is ons bewuste sondes wat nie belei word nie en aan die versekering. Dank die liewe Here hulle het dit aanvaar. Ek het behoorlik die hele Vrydag aan gebed afgestaan en dan praat ek nie eens van my senuwees wat klaar was nie.

Dit wys net dat ons op God moet vertrou en glo dat Hy ons sal bystaan. Wel dis net 'n bietjie getuienis van wat gebed kan doen!

Daar is ongelukkig tye waar God ons nie kan antwoord nie as gevolg van ons eie toedoen. Dit word hindernisse genoem wat verhoed dat ons gebede by God uitkom. Hierdie hindernisse is ons onbelyde sonde. "Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is ons oortredinge wat skeiding gebring het tussen ons en God, dis ons sondes wat maak dat Hy Hom nie aan ons steur nie en nie na ons wil luister nie." (Jes. 59:1-2) Hierdie is ons bewuste sondes wat nie belei word nie en dis regtig elke dag nodig om ons sondes te bely, want niemand van ons is daarsonder nie al is dit hoe gering. Sonde bly sonde jy kan nou maak wat jy wil. Daar is nie so iets soos klein sonde of groot sonde nie. Dit bly sonde!!

Kom ons kyk na 'n paar:

Suinigheid en geldgierigheid: "As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie." (Spr. 21:13)

"Geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal." (1Tim 6:10)

Lydenstyd

25 Februarie—11 April

Lydenstyd is 'n geleentheid om onsself weer aan die Here toe te wy.

Gedurende lydenstyd is dit gebruiklik om te vas. Dit behels dat ons ons weerhou van sekere voedselsoorte (bv. vleis, koffie), lekkernye (bv. sjokolade, alle suiker) of aktiwiteite (koerantlees, TV kyk). Op hierdie manier identifiseer ons onsself met Jesus se lyding en "waak" ons saam met Hom. Wanneer ons dit doen, verskerp dit ons belewenis van Jesus se lyding en uiteindelik ook van sy opstanding.

Program:

Sondag 5 April—Palmsondag (Groot Lydensweek begin) Erediens om 09:00

Maandag 6 April—Woensdag 8 April: Eredienste om 19:00

Donderdag 9 April—Nagmaal om 19:00

Vrydag 10 April—Goeie Vrydag: Erediens om 09:00

Saterdag 11 April—Stil Saterdag: Middernagdiens om 22:30 (Nagmaal / Paaswaak)

Sondag 12 April—Opstandingsondag (Paasfees begin): Erediens om 09:00

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

16 April—25 Junie

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan.

WÊRELD BIDDAG VIR VROUE

VRYDAG, 6 MAART 2009
SAINTS PRESBYTERIAN CHURCH
Gloverlaan 219 Lyttelton

Persone wat wil deelneem moet asseblief voor Woensdag, 25 Februarie 2009 skakel met: Veronica Wienand (012) 664 5334 / 083 291 1247
Margie Thompson (012) 664 4733 [08:00-12:00] / 084 609 6604

Vanjaar is word die verrigtinge opgestel deur "Christian Women" in Papua New Guinea. Dit is 'n land met baie etniese groepe maar hulle beklemtoon die eenheid in Christus.

Die program is in Engels, Afrikaans, Xhosa en Soto beskikbaar.

Lyttelton-Moedergemeente bied die oggend om 06:00 'n ontbyt aan. Belangstellendes kan skakel met Cecile Naudé 084 584 3445

Hanna het gebid dat God vir haar 'n seun sal gee, en Hy het Samuel vir haar gegee.

Hou altyd in gedagte dat jou tyd nie God se tyd is nie. Dis baie moeilik vir die mens om hierdie begrip te verstaan en raak baie gou moedeloos en gooi tou op. Maar ek verseker u vandag dat God ons hoor en Hy antwoord ons gebede. Soms dink ek Hy wil net seker maak dat dit regtig is wat jy wil hê. Hy gee jou kans om daaroor na te dink en te besluit of dit regtig die regte ding is vir jou. Onthou 9 uit die 10 keer gee God jou wat jy vra. So, wees dus baie seker en versigtig wat jy vra. Dink aan die gevolge van dit wat jy vra. Wat dit vir jou gaan beteken. Ek het in daardie strik getrap.

Gevra vir iets en dit ontvang en toe is dit nie soos wat ek gedink het dit sou wees nie. Dan moet 'n mens maar die beste daarvan maak want as dit weggeneem word is die las soveel erger.

Laat julle gebede opgaan in massas en in erns. Bid asseblief vir ons gemeente, vir Ds Freddie en sy gesin, vir ons land se verkiessing en vir ons siekes.

Mag God elkeen van ons se gebede verhoor!!

Christus groete

Die gebedsgroep

Madelaine Steyn 0823542455

Retha Wessels 0827720955

Mariana Strydom 0824515811

Martin Smith 082 9488597

Is dit nie ongelooflik om te dink dat God elkeen van ons aanhoor en na ons luister nie. Onverdeelde aandag, met smeeking en harstogtelike gebede is God se kos. Hy kan dan nie anders as om jou te hoor nie. God is ons Vader en watter vader luister nie na sy kind as sy kind met sy hele hart na Hom toe kom en hom smeek vir iets nie. God weet natuurlik beter en weet ook of dit die regte ding is om vir jou te gee. Dus moet ons stil raak en regtig met ons hart luister wat God se antwoord op ons gebede is.

"Get alone with God. Be quiet enough for Him to talk. Pray until you are prayed through and prayed out, until you have prayed about every problem. Then when God has settled your problems, let Him give you the new vision. Stay in His presence until you can see things through His eyes, until you can see what He wants you to see. He will speak to you about hindrances and obstacles that you never dreamt existed. He will show you what is the matter if you wait long enough. Therefore, don't be impatient at the delay, but pray on and on and on. Delay is not denial" (Oswald J Smith)

"Die vurige gebed van (een) regverdige het groot krag." (Jak.5:16)
Hier is 'n paar gebedsverhore wat jou geloof kan opbou:

William Carey het sewe jaar gewerk en gebid voordat hy die eerste bekeerling in Indië gedoop het.

Adomiram Judson was sewe jaar in Birma voordat hy die eerste dissipel vir Christus gewen het. Judson het sewe vaste gebedstye per dag gehad en sy gebede het 'n volk vir God geskud. Bykans 20% van Birma is vandag Christene.

Morrison het sewe jaar gearbei en gebid voordat die eerste Chinees tot bekering gekom het.

Robert Moffatt moes sewe jaar bid en werk en wag voordat hy die eerste tekens van die beweging van die Heilige Gees in Botswana kon sien.

Henry Richard het sewe jaar in die Kongo gewerk en gebid voordat die eerste persoon tot bekering gekom het.

George Whitefield het gebid en meer as 1000 mense het op een dag tot bekering gekom.

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 14 Maart 2009
08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur.
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog drie ander geleenthede hierdie jaar:

30 Mei 2009
29 Augustus 2009
7 November 2009

MANNE BID SAAM

SATERDAG, 7 MAART 2009 : 07:00—08:00

NG Gemeente Monumentpark-Wes
Kalkoenstraat 38
Monumentpark Uitb 2

SPREKER: Dr Coen Slabbert
Vroeër DG van Gesondheid, tans bestuurslid van die E-kerk)

Na die byeenkoms is daar vetkoek, maalvleis en koffie.

ALLE MANNE WORD HARTLIK UITGENOOI

Navrae: André Kruger (012) 6184 / 082 552 7887
Johan de Witt (012) 347 75336 (K) / (012) 3478931 (H) / 082 895 6053

INLIGTING BY DIE DEURE

Woordwyser Bybelskool

Help die gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
18 April 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Bybel lees?	Freddie Schoeman
16 Mei 2009	Hoe hoor ons God se stem in die evangelies?	Kobus Myburgh
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139, vul 'n terugvoervorm in (in die banke)
of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Die Bybelskool is 'n sinodale projek van die Oostelike Sinode. Let op dat dit geherstruktureer is

GEBEDSBRIEF NO 3

Liewe Gemeente

Het u al 'n wonderwerk gesien, hetsy in u eie lewe of in iemand anders sin. Gebed wat mense se lewens verander het. Kom lewer asb getuienis daaroor. Stuur vir my 'n e-pos of briefie sodat ons dit aan die gemeente bekend kan stel. Dit kan anoniem ook wees, maak nie saak nie. Ek dink net dit is belangrik dat mense begin agterkom dat gebed wel 'n verskil maak in mense se lewens en dit hulle so sal aanspoor om ook meer tot gebed te keer en die verskil in hulle eie lewens sal agterkom.

My e-pos adres is: henniesteyn7@telkomsa.net.

Voor ek aangaan met hierdie brief wil ek dit net graag onder u aandag bring dat dit nie ek is wat so oulik is met die skrywe van hierdie briewe nie. Ek het wonderlik boeke, gebedsboeke wat my baie inspireer en waaruit ek baie van hierdie skryfstof kry. Hoop dit inspireer u ook!!

Opvolg van verlede week se brief:

"Daar moet groter klem gelê word op die taak van voorbidding. Die gelowiges moet meer en meer gewys word op die resultate van voorbidding en die effek van voorbidding. Dit gebeur dikwels dat voorbidders wat alleen moet bid omdat hulle nie by 'n gebedsgroep kan inskakel nie, moedeloos word en ophou met bid omdat hulle dink dat hulle gebede nie eintlik 'n verskil maak nie. Die teendeel is egter waar. Die verhale oor gebed in die Bybel is die verhale van individue wat God vasgegryp het en God het wonderwerke gedoen in antwoord op hulle gebede. Dink aan Abraham wat gebid het vir 'n nageslag, Hanna wat gebid het vir 'n seun, Moses wat vir 'n pad deur die Rietsee gebid het, Daniel wat in die leeukuil gesit het, Dawid wat gebid het toe Saul om agtevolg het, Elia wat vir vuur uit die hemel gebid het, koning Hiskia wat vir nog vyftien lewensjare gebid het en Nehemia wat gebid het dat die koning hom sou toelaat om sy volk te gaan help. Die oë van die Here beweeg oor die hele aarde om enige persoon wie se hart onverdeeld op Hom gerig is kragtig te steun".